lapa
UITGEWERS

Ook deur Chanette Paul

Vywervrou-trilogie
Lira
Mirre

Jojo Richter-reeks
Siende blind
Raaiselspieël
Ewebeeld
Paaiboelie
Uit die bloute

Offer-tweeluik
Offerlam (Deel 1)
Offerande (Deel 2)
Sacrificed (Engelse vertaling van *Offerlam*)

Maanschijnbaai-tweeluik
Jo & Sue (Deel 1)
Nan & Jeannie (Deel 2)

Die Gys Niemand-reeks
Springgety
Fortuin
Boheem
Meetsnoer
Dryfhout

Die Davel-reeks
*Tamara
*Willemien
*Annabella
*Deborah
*Isabelle
*Maryn
*Fleur

Duet
*Branders van liefde
*Onder seespieël
Eendag op 'n maandag

Verskyn by NB Uitgewers
Labirint

*Slegs beskikbaar as e-boeke.

Corali

(Vywervrou #03)

Chanette Paul

LAPA Uitgewers
Pretoria
www.lapa.co.za

© Teks: Chanette Paul 2020
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: (012) 401-0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10.3 op 13 pt Leawood
deur LAPA Uitgewers
Teksredakteur: Annamarie Steenekamp
Omslagontwerp: Flame Design
Gedruk en gebind deur Novus Print,
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe 2020

ISBN 978-0-7993-9867-0 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993-9868-7 (ePub)
ISBN 978-0-7993-9869-4 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Chanette Paul pendel tussen twee tuistes: haar oewerhuisie in die Overbergse dorpie, Stanford, waar die man in haar lewe 'n rivierboot bedryf, en haar skryfplek naby die suidelikste punt van Afrika.

Chanette is 'n katliefhebber en smoorverlief op haar dowe kat, Thomas. Sy is 'n leesvraat, 'n onbehendige tuinier en 'n hopelose kok. Sy is lief vir swem en snorkel, en hoop sy sien eendag 'n meermin.

Navorsing vir *Lira* het haar geïnspireer om windklingels van bottels te maak. *Mirre* het ongelukkig geen effek op haar gebrekkige kulinêre vermoëns gehad nie. Vir *Corali* het sy mosaïek beproef en daar is nou twee bont vensterbanke wat nog met voegbry afgewerk moet word in haar skryfhuis.

Chanette het reeds in 'n verskeidenheid genres gepubliseer en 'n hele paar van haar boeke is bekroon.

Corali is haar sewe-en-veertigste roman en die derde, en laaste, deel van die *Vywerbaai-trilogie* wat gaan oor vroue wat hulle lewenslesse op die moeilike manier leer, maar nie moed opgee nie. *Lira* en *Mirre* gaan *Corali* vooraf.

Besoek gerus Chanette se webwerf by www.chanettepaul.co.za om meer te wete te kom oor haar boeke. Sy gebruik ook Facebook en ander sosiale media.

Foto:
Keith Murray van *Keith Imaging Photography*

Lys van karakters

A.O. Beyers – speurder
Alet Naudé (voorheen Pienaar) – Boeta se vrou
Alisa – huishulp wat vir Thomas kos bring
André Dreyer – sielkundige en huweliksberader, Mirre se man
Anja – Katelijne se vriendin
Anna Rheeder – skoolhoof

Beatrix Witherspoon – James se ma/Corali se skoonma
Beulah Anker – Lira se char en helper
Boeta Naudé – 'n bouer, Mirre se jeugliefde, Alet se man
Brigit Greene – Kombuishulp van die Witherspoons

Celeste Murray – Fynn en Fiona se dogter
Cie-Cie Witherspoon – Britse skilder
Coert Kruger – Karen se gewese man, Tertius se pa
Corali Conradie – mosaïekkunstenaar
Corrie Conradie – Corali se ma

Daaf/Dawid Naudé – Boeta se oudste seun
Danielle – Thomas se meisie voor Corali
Duncan Travers – Kunshandelaar

Erna Conradie – Corali se skoonsuster
Ester Dreyer – André se ma/Mirre se skoonma
Eugenie Durandt – Thomas se ma

Fiona Murray – Fynn se vrou
Fynn Murray – Marilyn se seun, Celeste se pa, Fiona se man

Gerald Connaught – Marilyn se man
Godfrey Anker – Beulah se kleinseun
Grieta Alant – huishulp op Ryno se plaas

Henri Naudé – Boeta se middelste seun

Jaco Jacobs – Jaco Jacobs, die kinder- en jeugverhaal-skrywer

Jakkie Naudé – Boeta se ma
James/Jamie Witherspoon – Corali se oorlede man
Jamilla – Moslemvrou
Janus Lategan – Lira se pa
JP Lindeman – Eugenie se baas

Karen van Wyk, later Kruger – Mirre se ma
Katelijne Wouters – Thomas se vrou, Kees en Kato se dogter
Kato Wouters – Katelijne se ma
Kees Wouters – Katelijne se pa

Lana Lategan – Lira se ma
Leah de Wit – prokureur en Marilyn se vriendin
Leon Rademan – doktersvriend
Liana – Simon se dogter
Lira Benade – upcycle-kunstenaar
Louisa Dreyer – André se suster/Mirre se skoonsuster

Maaike – Thomas se kollega by KASK
Margie Froneman – sielkundige
Marilyn Murray – Fynn se ma, Celeste se ouma
Marli Naudé – Mirre en Boeta se dogter
Michael White – James se geliefde
Mirre Dreyer, voorheen Kruger – Tertius se halfsuster, Boeta se geliefde, voorheen André se vrou

Nonnie Rademan – Leon se oorlede vrou

Oumie/Engela Benade – Lira se groottante en aanneemma

Pieter(tjie) Naudé – Boeta se jongste seun
Pikkie – eiendomsagent

Raymond Knox – branderplankryer
Roelien de Klerk – Selma se ma
Ryno Conradie – Corali se broer

Selma de Klerk – Celeste se vriendin
Shirley Anker – Beulah se kleindogter
Simon van de Vijver – Eugenie se vriend

Sonja Lindeman – JP se vrou
Stefaan Kerkhof – Mirre se biologiese pa

Tertius Kruger – Mirre se halfbroer
Thomas Durandt – Corali se eerste groot liefde/Beeldhouer

Vincent Wehmeyer – Thomas se kliënt op Gozo

William Witherspoon – James se pa/Corali se skoonpa

Yolande Wehmeyer – Vincent se vrou

Zane Anker – Beulah se kleinseun

"I paint the spirit and soul of what I see."

"Perhaps all women are part faerie, for what woman can deny her faerie blood when the portals to her own land are open; when the full moon sings its insistent song; when sorrow and passion and rage pulse through her body at moon times.

This is why women are the chosen ones of Faerie, part of the vibrant, fluid, emotional soul of the world …"

– Brian Froud, *Brian Froud's World of Faerie*

Met diep hartseer dra ek die Vywervrou-trilogie, maar spesifiek *Corali*, op aan my mentor, my uitgewer, my spanmaat en vriendin, Cecilia Britz.

Cecilia het my heel eerste boek uitgegee en *Corali* is die laaste boek wat sy uitgegee het. *Corali* was ook haar gunsteling van die drie Vywervroue – 'n drieluik wat nie daar sou gewees het nie as sy my toegelaat het om moed op te gee toe ek *Lira* wou laat staan en iets anders wou begin skryf.

Wat 'n voorreg en 'n eer om saam met so 'n groot gees te kon werk.

Ek mis jou ontsettend, Ceci.

2013

Een

Maandag 22 Julie
Waltham Abbey, Engeland
Lady Cie-Cie Witherspoon

Dis asof sy in gletsers pleks van oë kyk. Tog bly die toonhoogte waarin Cie-Cie in Queen's English aangespreek word, egalig. Behoede Beatrix Witherspoon dat sy ooit haar stem sal verhef of enige emosie sal toon. Selfs nie 'n uur ná haar seun se gedenkdiens nie.

"Jy sal jou goed onmiddellik uit julle vleuel ontruim. Van twaalfuur vannag af is jy persona non grata op die landgoed asook binne 'n radius van tien myl hiervandaan. Alles wat aan James behoort het, is aangeteken. Moet dus nie dink jy kan enigiets wat syne was, wegdra nie."

Die minagtende kyk in Beatrix se oë laat Cie-Cie juis lus kry om met 'n sak vol van die familiesilwer gat skoon te maak. Jamie sou haar nog aangepor het ook met daardie stout kyk wat hy soms in sy oë gekry het. As hy nog geleef het.

Sy kan maar net nie gewoond raak aan die gedag-

te dat haar lieflike vriend, die man met wie sy op skei gestaan het, al 'n maand lank nie meer daar is nie.

"Jy vat daardie vulgêre skildery wat James in Parys by jou gekoop het saam, maar die res laat jy agter. Jy sal nie een van ons ooit weer kontak nie en jy sal die Witherspoon-van nooit weer gebruik nie. Beslis ook nie die titel nie. 'n Lady was jy nog nooit in enige sin nie. Jy sal ook nooit aan enigiemand erken jy was baron James Witherspoon se vrou nie en jy sal met geen Witherspoon of enige lid van die familie ooit weer op enige manier in aanraking kom nie."

Asof sy enigiemand van die gespuis sou wou kontak. Dis hartseer dat sy die skilderye moet agterlaat, maar Jamie het haar immers daarvoor vergoed, al was dit 'n nominale bedrag. Laat Beatrix dit in haar deftige gat opdruk.

"Jy sal ook nooit weer 'n verfkwas optel nie, sodat niemand jou skilderstyl kan herken nie."

Dit het sy nie verwag nie. Cie-Cie gaap Beatrix aan.

Dié moes haar ongeloof raakgesien het. 'n Verbete trek om haar mond teken vertikale plooie na die dun bolip. "Jy sal nié geld maak uit die roem wat James vir jou opgebou het nie. Cie-Cie Witherspoon is saam met James dood."

"Maar …"

"As jy nie by die reëls hou nie, sal jy nie net gedagvaar word vir elke sent wat jy uit James gewurm het nie, jy sal ook van moord aangekla word. Verstaan ons mekaar?"

"Ek het geen aandeel aan James se dood gehad nie. En ek het geen geld van James ontvang behalwe vir 'n persentasie van die wins op my skilderye nie." Cie-Cie se stem is skor.

Beatrix se oë vernou. "Jy het my seun vermoor lank voor hy dood is. En jy is aandadig aan sy dood ook. Nie-

mand sal my ooit van die teendeel oortuig nie. Jy kom net skotvry omdat jy die afgelope vyf jaar al genoeg van 'n klad op die Witherspoon-naam was. Ons sien nie kans vir uitgerekte hofsake en banale media-aandag nie. Dis die enigste rede waarom ek en William in die polisie se bevinding berus, al weet ons hulle is mislei. Gaan terug na daardie agterlike land van jou en vergeet dat jy ooit in Brittanje was."

"En my motor?" Sy is net moedswillig. Beatrix sal nooit toelaat dat sy die Morgan Roadster wat James vir haar gekoop het, hou nie.

"Dit bly agter as deel van James se boedel. Jy kan 'n taxi neem na watter gat jy ook al wil gaan inkruip. Jordan sal toesig hou terwyl jy pak." Die barones beduie in die rigting van die butler. 'n Yslike diamant skitter en blits aan haar vinger toe sy haar borduurwerk optel. Dis asof daar niemand benewens die barones meer in die boudoir is nie.

"Volg my, asseblief." Jordan se stem is so emosieloos soos sy oë. Die gebrek aan die aanspeekvorm "your ladyship", "my lady" of selfs "madam", spreek boekdele.

Cie-Cie kom uiteindelik uit haar stupor en gehoorsaam. Nie omdat die barones haar sprak gesprook het nie, maar omdat sy nie kan wag om hierdie pragtige helhool van 'n plek, oor dekades heen gevul met Witherspoon-skatte, te verlaat nie. As die barones dink sy straf haar deur haar weg te jaag, het sy dit ver mis. Die verbod op skilder is 'n ander storie. Daaraan kan sy egter later aandag gee.

Nou moet sy net eers hier wegkom – hoe gouer hoe beter.

Bye-bye, lady Cie-Cie Witherspoon van Waltham Abbey; hallo, Corali Conradie van Vywerbaai.

Woensdag 31 Julie
Montagu-distrik
Corali

"Corali, ek het vir jou gesê ek wil niks meer van jou weet as jy met daardie Katoliek trou nie. 'n Brit op die koop toe. Die Katolieke het jag gemaak op ons Protestantse voorvaders en die Britte het ons Afrikanervroue in konsentrasiekampe vermoor." Haar ma klik haar tong. "Asof jou boheemse, sondige lewe in Frankryk voor dit nie erg genoeg was nie."

"James was nie Rooms-Katoliek nie, Ma, hy het aan die Anglikaanse Kerk behoort." En hy was nie 'n kerkganger nie, maar dit sal alles net erger maak as sy dit noem. Vir Corrie Conradie is 'n Sondag nie 'n Sondag as daar nie kerk toe gegaan word nie, en mense wat nie kerk toe gaan nie, is op pad hel toe. Klaargelag.

"Anglikaans, Katoliek. Dieselfde ding. Priesters en wierook en wat nog. En toe trou jy nog sonder my toestemming ook."

"Ek was al twee en dertig, Ma. Ek het Ma se blessing gevra, maar Ma wou dit nie gee nie."

"En sonder dat ek teenwoordig was by die troue," kom dit asof sy nie gepraat het nie.

"Ma het geweier om dit by te woon. Selfs geweier om die vliegtuigkaartjie wat ek gekoop het, te gebruik."

"En nou kom jy stert tussen die bene hier aan ná hoeveel jaar." Dis asof haar ma haar waaragtig nie kan hoor nie.

"Vyf jaar ná my troue. Amper ses vandat ek julle die laaste keer op Vywerbaai gesien het." Hoeka om vir haar familie te kom sê sy trou binnekort met James Witherspoon en wil hulle graag by die troue hê. Die kuier het niks beter afgeloop as toe sy Thomas destyds met rampspoedige gevolge aan hulle kom voorstel het nie. Wat sy seker moes kon voorsien het, maar sy

het nie besef presies hoe aartskonserwatief haar ma is nie.

"En jy verwag om sommer net weer hier verwelkom te word terwyl jy weet dis nou Ryno se plaas."

"Ja, ek weet, maar dit was immers my ouerhuis. En is ek nie nog steeds Ma se dogter en Ryno se suster nie?" Hemel, sy mis haar pa. Hy sou haar met ope arms terugverwelkom het.

"Is jy, Corali? Of is jy net 'n wegloper wat vir vyf jaar skaars van haar laat hoor het?"

"Ek het gebel, Ma. Oproepe wat nie Ma of Ryno wou neem nie. Ek moes met Grieta praat wat my ook heeltyd kapittel het omdat ek in Engeland sit en sogenaamd Rooms geword het. Maar sy het ten minste na my welsyn uitgevra." Hoofsaaklik of sy darem genoeg kry om te eet in die vreemde. Grieta is 'n versorger deur en deur. "Ek het briewe geskryf wat nooit beantwoord is nie. Kers- en verjaardaggeskenke gestuur waarvan julle nooit eens ontvangs erken het nie."

"Wat weet die Katolieke van Kersfees af?"

"Anglikane, Ma, weet dalk meer van Kersfees af as die Doppers."

Haar ma snork so hard dat sy begin hoes. Corali gee vir haar 'n glas water aan.

"Oukei, ek verstaan dat ek nie hier op die plaas welkom is nie, maar mag ek darem in die strandhuis gaan bly?"

"Tydelik, maar dis in die mark. Tertius Kruger kon nog nie die geld wat hy by Ryno geleen het, terugbetaal nie. Tertius en sy pa het mos by Pretorius belê en 'n klomp geld verloor. En Ryno het geld nodig vir die uitbreiding van die droogfasiliteite vir die vrugte."

"Ek sien." Corali kom orent en kyk af na die vrou wat haar nege maande gedra het en vir die grootste deel van haar lewe vir haar 'n ware ma was. 'n Afsydige ma, maar darem een wat haar na die beste van haar vermoë

versorg of laat versorg het. Soos dit 'n Christin betaam. Tot haar dogter die ondenkbare gedoen het. Eers in Frankryk saam met 'n man gebly het en toe onverwags met 'n Anglikaanse Brit getrou het. "Dan groet ek maar, Ma. Groete vir Ryno-hulle. Ek sal by die hek vir die taxi wag."

Klaarblyklik is 'n bietjie simpatie ná die "Katoliek" se dood te veel gevra.

Donderdag 1 Augustus
Vywerbaai
Corali

Die eiendomsagent lyk aansienlik blyer om haar te sien as wat haar ma was. En hulle ken mekaar nie eens van Adam af nie. Of Eva. Sy moet nuut op die dorp wees. Wel, relatief nuut. Sy kon seker ses jaar gelede al hierheen getrek het.

Ses jaar klink kort, maar dit voel soos 'n leeftyd.

Corali ruk haar reg toe sy agterkom die vrou kyk haar vraend aan. "Is dit moontlik om die plek anoniem te koop? Ek wil nie hê my ma en broer moet agterkom dis ek wat die aanbod maak nie. As die aanbod eers amptelik aanvaar is en daar nie meer omdraaikans is nie, kan hulle maar uitvind."

"Êrens sal jy jou naam moet teken. Maar sal jou ma nie eerder instem tot die verlaagde prys wat jy wil aanbied as sy weet dit kom van jou af nie? Eerder as van 'n vreemdeling?"

"Familiestruwelinge." Dis al wat sy bereid is om aan die agent te erken. Miskien kan sy 'n ooreenkoms met Boeta aangaan. Hom dalk volmag gee om die aanbod namens haar te maak. As daar een mens op die aarde is wat sy vertrou, is dit Boeta Naudé. Saam sal hulle iets uitwerk.

Hulle ma's was goeie vriendinne tot tannie Jakkie se

dood toe. Haar ma sal eerder aan Boeta verkoop as aan haar eie dogter. Maar Naudé is ook nie 'n uitsonderlike van nie. Haar ma sal dalk nie eens daaraan dink dat dit Boeta kan wees nie.

"Ek sê jou wat, Pikkie. Sê net vir my ma daar is belangstelling teen daardie prys en hoor wat sê sy."

"Goed, ek maak so. Gee vir my jou selnommer, dan skakel ek sodra ek 'n antwoord kry."

Nie dat haar ma die finale besluit sal neem nie – al is die huis in haar naam. Daardie eer sal Ryno te beurt val. Ryno wat die son vir haar ma laat sak as hy gaan sit. Ryno wat getrou het met 'n vrou wat netsowel haar ma se kloon kon gewees het. Ryno wat die dag toe hulle pa se testament bekendgemaak is vir haar gesê het sy moenie dink sy kan by hulle op die plaas op sy nek kom lê nie. Al het hy benewens 'n kleinerige kontantbedrag wat aan haar bemaak is, alles geërf.

Dinsdag 13 Augustus
Vywerbaai
Corali

"Môre, Pikkie." Corali hou haar asem op, haar hand om die foon geklem.

"Meneer Conradie is baie ontevrede met die prys, maar hy is bereid om te onderhandel. Ek het aan hom probeer verduidelik dat die aanvraag na strandhuise tans klein is. Die afgelope jaar wat dit al in die mark is, was daar nog nie eens een aanbod nie."

"Wat tel teen die huis?" Sy het 'n goeie idee, maar laat sy eerder hoor wat die agent se mening is.

"Die huis is oud en te ouderwets. Die feit dat dit 'n seefronterf is, jaag eintlik die prys onbehoorlik op vir wat die huis op enige ander erf werd sou wees. En dan is daar nie eens 'n goeie seeuitsig nie omdat die huis so ver terugstaan op die erf en net 'n enkelverdieping is. Ek erken

dit maar teenoor jou, net omdat ek weet julle is familie. Vir ander kopers sou ek dit nie so uitgestip het nie."

Overgeset synde, die prys is gewoon net te hoog vir wat die koper kry. Nes sy gedink het. "My aanbod is dus billik in die huidige klimaat?"

"Vir die huidige eiendomsmark, ja. Daar is voorspellings dat dit beter gaan raak, maar daarop kan 'n mens nie staatmaak nie. Ons trek nou al 'n paar jaar lank swaar ná die vorige boom."

"Dan volstaan ek met my aanbod."

"Jy wil nie onderhandel nie?"

"Nee." Sy het genoeg gehad van Ryno se gulsigheid en rugstekery. Sy sou die verdomde strandhuis geërf het ná haar ma se dood, maar hy het hulle ma natuurlik oortuig hy het die geld nodiger as wat sy 'n strandhuis in Suid-Afrika nodig het terwyl sy in Engeland bly. Wel, se gat. Dinge het verander.

Dis erg genoeg dat sy die plek wat hare moes geword het, moet koop. Al kan sy dubbel die prys lag-lag betaal. Maar dis die laaste ding wat hulle hoef te weet.

"Goed," ruk die agent haar terug uit haar mymering. "Maar ek moet jou waarsku dit sal waarskynlik beteken dat hy die aanbod nie gaan aanvaar nie."

"Ek sal daardie risiko loop."

"Ek sal hom laat weet." Sy hoor die eiendomsagent sug. Sy het seker uitgesien na haar kommissie.

Corali sit haar selfoon neer en stap vir die soveelste keer deur die plek waar sy van kleins af kom vakansie hou het. Dit is inderdaad oud en ouderwets. Van binne en buite. En die plek het ook nie 'n seeuitsig om van te praat nie. Nie naastenby wat dit kon gehad het nie. Uitsig was nie vir die oumense belangrik nie. Hulle wou uit die bek van die wind wees. En dit ís hierdie huis.

As jy die see kan sien, kan die wind jou sien, het haar oupa nog vir haar gesê toe sy eendag gevra het hoekom die huis so ver agtertoe op die erf staan terwyl die

Krugers se dubbelverdieping só gebou is dat dit hulle 'n lieflike uitsig oor die see gee.

Destyds was hulle huis en die Krugers s'n die enigstes in Vywerstraat.

Die yslike glas-en-betonhuis langsaan moes gebou gewees het terwyl sy in Engeland was. Dis die ene hoeke en punte. Boeta het seker 'n aar gebars oor die Transvaalsheid. Dis sy groot pet hate. Ryk Transvalers wat huise wat nie op Vywerbaai hoort nie, hier kom bou.

Die huis wat die Murrays agt jaar gelede gekoop het, is omtrent twintig jaar terug gebou toe sy pas in matriek was. 1994. Almal was destyds aan die skinder oor die Spaanserige huis wat so uit pas is met die dorp. Boeta se stiefpa het dit nog gebou en Boeta se eie sweet en bloed is ook daarin, al was hy maar dertien. Die ou vark het Boeta gemoor. Gelukkig het Giep Bothma sy bakkie twee jaar later afgeskryf en daarmee saam homself ook.

Vreemd dat herinneringe wat so lank net êrens in haar agterkop rondgedryf het, nou weer so helder voor die gees is. Hopelik sal die herinneringe aan Engeland ook uiteindelik vervaag en, solank sy daar wegbly, nooit weer terugkom nie.

Net 'n paar tonele sal haar altyd bybly asof dit in Technicolor in haar brein geëts is.

Die dag toe Jamie by die huis gekom het met haar soesji en sy sasjimi. Die oomblikke nadat hy aan die sasjimi, gerangskik in die vorm van 'n krisant, begin eet het en wat daarna gevolg het.

Die oomblik toe sy sy brief gevind het en die oomblik toe dit in die kaggel beland het.

En natuurlik die dag drie weke gelede toe Bea trix Witherspoon haar weggejaag het van die landgoed af.

Maar dis die verbod op haar skilderwerk wat nou die grootste impak op haar het. Sy weet Beatrix is heeltemal bewus daarvan dat dit nie net 'n mat is wat onder

haar voete uitgetrek is nie. Dat sy Corali die swaarste moontlike straf opgelê het. Met daardie voorwaarde het sy nie net vir Cie-Cie Witherspoon vermoor nie, sy het die belangrikste deel van wie en wat Corali Conradie is, verpletter.

Skelm skilder, gaan ook nie werk nie. As beskermvrou van een van die groter kunsverenigings in Brittanje het Beatrix haar vinger stewig op die pols van die kunswêreld, selfs Suid-Afrikaanse kuns.

Wat Beatrix egter nooit sal verstaan nie, is dat 'n mens nie net eensklaps kan ophou skilder nie. Dis nie iets wat jy besluit om te doen of nie. Nes 'n mens nie kan besluit om asem te haal nie. Dis 'n drang wat nie onderdruk kan word nie. 'n Muse laat haar nie sommer vermoor nie.

Sy kan egter nie waag om Beatrix se opdrag of haar dreigement te ignoreer nie. Niemand kon uitvind waar die dodelike maaltyd bestel of afgehaal is nie en dus ook nie of dit Jamie was wat dit self bestel het nie. Corali was die enigste persoon tuis toe hy dood is.

Om enige regstappe teen 'n Witherspoon te probeer neem, kan net in 'n fiasko ontaard. 'n Peperduur een. En wat sê sy? My skoonma het my afgedreig om nooit weer te skilder nie?

Wat was die dreigement?

Dat sy my van my man se dood gaan beskuldig.

Is jy skuldig?

Ek weet nie. Miskien tog wel.

Corali kan haar denkbeeldige gespreksgenoot sien frons. Hoe so?

Want ek het 'n skildery gemaak wat 'n spieël voor hom opgehou het. En dis dalk wat Jamie se einde beteken het.

Daarin lê die antwoord dalk. Hoe durf sy aanhou skilder as sy wel vir Jamie se dood verantwoordelik was, al het sy hom nie vergiftig nie?

Donderdag 15 Augustus
Vywerbaai
Corali

"Mevrou Conradie het geteken. Meneer Conradie was een van die getuies. Jou aanbod is aanvaar, Corali."

"Wonderlik!" Corali slaak 'n sug van verligting. Vir twee dae het sy gewonder of sy nie maar 'n bietjie meer moet aanbied nie. "Dankie vir al die moeite wat jy gedoen het, Pikkie."

"Die moeite is deel van my werk, en jy het my darem hoër kommissie as die gewone belowe, maar ek moet sê jou broer se houding het my nie aangestaan nie. Hy het my reguit daarvan beskuldig dat ek eintlik deel het aan wat hy diefstal noem." Aan haar vals laggie kan Corali hoor sy is glad nie geamuseer nie.

"Hy was nog nooit 'n goeie verloorder nie. Wag tot hy hoor ek is die nuwe eienaar. Hopelik sal hy dit nie op jou uithaal nie. As hy probeer, hou net vol jy het nie geweet ek is sy suster nie."

Sy het skaars gegroet en afgelui toe haar foon weer begin skel.

"Hallo, Ma."

"Corali, die strandhuis is verkoop. Jy sal teen die einde van die maand moet uit wees sodat ons kan skoonmaak en so."

"Ryno is seker bly vir die kontantinspuiting vir die boerdery?"

"Ek het 'n baie teleurstellende prys vir die plek gekry. Ryno is woedend, maar wat kan 'n mens maak met die ekonomie soos dit is."

"Julle kon gewag het tot die eiendomsmark herstel."

"Hy het die geld nou nodig. En wie sê dit gaan herstel? Hy sê ook dis net 'n kwessie van tyd voor die ANC tweede huise gaan onteien."

"Maar die plaas is mos in sy naam en die strandhuis in Ma s'n. Dis dus nie 'n tweede eiendom nie?"

"Ja, maar met die ANC weet 'n mens nooit nie en ons kom in elk geval bitter min daar. Ryno neem eerder die kinders met opvoedkundige vakansies as Vywerbaai toe."

"O? Waarheen is hulle met hul laaste opvoedkundige vakansie?"

"Kroasië toe."

"Sjoe, twee kinders en twee volwassenes sal seker nie met 'n goedkoop vakansie in Kroasië kan wegkom nie."

"Ryno werk hard vir sy geld, Corali. Moenie dink ek weet nie waarop jy sinspeel nie."

"Ek sinspeel nie, Ma. Ek sê sommer reguit. Ek dink dis 'n bleddie skande dat hulle op oorsese vakansies rondflenter, dat hy in 'n luukse viertrek rondry en hulle daardie moerse aanbouing aan die opstal laat doen het terwyl die plaaswerkers nie eens spoeltoilette en warm water het nie. Ek is nie blind nie. Toe ek Grieta gaan groet het, het ek gesien wat op die plaas aangaan – al is ek nie eens genooi om daar te oornag nie."

"Sê jy wat met 'n skatryk man getrou het, vir ses jaar nooit hier was nie en nou soos 'n dief in die nag terugsluip hierheen. Wat het jy verwag? 'n Gemeste kalf?"

Waar is die ma wat sy geken het? Die ma wat selfs in haar afsydigheid ten minste nog objektief kon dink. Sy weet presies waarheen. Saam met haar pa in die graf in, want dis van toe af dat sy afhanklik was van Ryno vir verblyf en elke sent.

Wiens brood men eet, diens woord men spreek. Weet sy dit nie self nie. Want Jamie was nie skatryk nie. Jamie was net so afhanklik van sy ouers se rykdom as wat haar ma nou van Ryno se genade is.

As sy geweet het Beatrix het soveel mag oor haar seun, sou sy miskien twee keer gedink het toe hy met sy

voorstel gekom het dat hulle trou. Veral as sy geweet het wat 'n bitch Beatrix onder die vernis van haar uiterste beskaafdheid is.

"Nee, Ma. 'n Gemeste kalf is seker te veel gevra. Maar ek het darem gedink daar sal 'n bietjie begrip wees, 'n bietjie empatie selfs, vir 'n dogter wie se man onlangs dood is. En toe was daar nie. Zero. Zilch. Nada."

Daarop het Corrie snaaks genoeg niks te sê nie.

"So by the way, Ma, dis ek wat die strandhuis gekoop het. Dit sou 'n ware winskoop gewees het as dit nie was dat ek veronderstel was om dit by Ma te erf nie. Bye, Ma."

Sy druk die foon dood sonder om te wag vir 'n antwoord. Sy ignoreer dit toe dit weer begin lui. "Fók, julle, Ma. Fok julle almal. En fok die Witherspoons die meeste van almal. Ek sal verdomp regkom op my eie. Het nog altyd." Sy moet dit hardop sê om dit geloofwaardiger te laat klink.

Want dis nie heeltemal waar nie. Eintlik glad nie. Sy het immers 'n totale gemors van haar lewe gemaak vandat sy veertien jaar gelede op drie-en-twintigjarige ouderdom die eerste keer hier weg is Frankryk toe. Vol moed om die skilderwêreld te verower. Geglo die wêreld is haar oester.

Sy het nie besef dat daar nie in alle oesters pêrels groei nie. En selfs al vind jy 'n pêrel, kan jy dit uit onkunde voor die swyne gooi uit 'n dwase sin vir regverdigheid.

Dis daardie verlore pêrel waaroor 'n mens altyd sal treur wanneer dit te laat is.

Thomas.

Die naam wat sy vir soveel jaar uit haar geheue geban het. 'n Naam gewroet in die hart en vlees en pees van die Corali wat sy was, en te dom was om te bly. Van die Corali wat sy agtergelaat het terwille van roem en verruil het vir 'n vrou wat Cie-Cie geheet het.

Nou is dit die vooraand van die volgende Corali in

wording. Dié Corali wat moet wegkruip vir die wêreld en net kan rou oor wat kon gewees het. En die naam is steeds in die vesel van wie en wat sy is, 'n klipmossel wat bly vassit. Thomas.

Thomas, die sagsinnige reus. 'n Raps oor die twee meter lank met 'n bolyf wat professionele spiertiere hom sal beny. Die spiere verwerf as gevolg van sy beeldhouwerk. Daar is nie 'n medium wat hy nie kan mak maak om wat daarin verskuil is, daar uit te haal nie. Meesal lewensgroot. En dit verg spierkrag benewens ongelooflike talent.

So aanskoulik as wat die krag in daardie groot bolyf is, is dit egter sy lewenskrag as mens wat sy liefgekry het. Sy etiek. Sy emosionele sterkte. Sy humorsin en sy diep, dawerende lag. Die sagtheid in daardie liggroen oë met die goue vlekkies wat daarin flikker. Thomas wat aan jou kan vat asof jy van porselein gemaak is, of uitbundige, baldadige liefde kan maak. Dikwels al laggende, tergende.

Thomas is seker lankal getroud. Het waarskynlik ook al die kinders wat hy so graag wou gehad het. Sy het hom amper sewe jaar gelede laas gesien. Die dag toe sy vir hom gesê het sy ruil haar liefde vir hom vir sukses in haar loopbaan. Nou nog sien sy die skok en ongeloof in sy oë.

Saam met Thomas het sy vir Eugenie verloor. Thomas se ma wat enersyds 'n vriendin was en andersyds vir haar meer soos 'n ma gevoel het as haar eie. Hulle het mekaar nie dikwels gesien nie, net wanneer Eugenie in Frankryk kom kuier het. En daardie keer toe hulle Suid-Afrika toe gekom en sy Thomas se afsydige pa ook vlugtig ontmoet het. Tog het sy en Eugenie van die begin af aanklank by mekaar gevind.

Die een keer wat sy gewaag het om Thomas te google, het sy gelees dat hy nou merendeels bekend is vir sy bronsbeeldhouwerke van meerminne. Hy noem hulle seevroue. Die pynlike verlange na hom wat daardie artikel in haar losgemaak het, het haar laat besef sy

moet liewers ou koeie in hulle slote laat as sy wil aanhou funksioneer. Vergeet dat dit sy is wat sy belangstelling in seevroue aangewakker het.

Sy sal seker vir die res van haar lewe betaal vir haar onnoselheid, en dis oukei, sy verdien dit, maar nooit ooit weer laat sy met haar mors soos Beatrix dit gedoen het nie. En as dit enigsins binne haar vermoë is, sal sy nooit ooit weer laat mors met mense vir wie sy omgee nie. Soos daar met Jamie gemors is.

Ja, as dit selfdood was, is sy moontlik aandadig, maar sy het nooit gedink hy sal op só 'n manier 'n einde aan sy lewe maak nie. Voor haar – asof hy haar wou straf.

Saterdag 17 Augustus
Gent – België
Thomas

"Is jy nou seker jy doen die regte ding, Thomas?"

Hy kyk af na sy ma wat sy strikdas regtrek. "Is 'n mens ooit?"

Eugenie se hande gaan na die ruiker in sy knoopsgat, vroetel daar ook. "Ja. Dis nie te sê jy is reg nie, maar as jy voor 'n kansel staan, moet jy in daardie oomblik seker wees."

"Ek is seker genoeg."

"Is dit Corali wat ná al die jare steeds by jou spook?"

Dis nou een ding van Eugenie Durandt, sy draai nie doekies om nie. Seker daarom ook dat sy so goed met Corali klaargekom het. Soms dink hy sy was nog meer geskok as hy oor Corali se besluit. Maar selfs daarin was Corali eerlik en reguit. Ook oor die redes waarom sy daardie donnerse Brit se huweliksaansoek aanvaar het.

"Thomas?"

Sy ma se stem bring hom weer terug na die hede. "Ek

dink sy sal altyd by my spook, maar ek het haar broer onlangs gebel en volgens hom is sy doodgelukkig met haar skatryk Britse eggenoot. Só gelukkig, dat sy al wie weet hoe lank nie meer met haar familie in aanraking is nie. Sy is nou te grênd vir hulle, het hy gesê."

"Dit klink nie soos die Corali wat ek leer ken het nie."

"Daardie Corali bestaan nie meer nie, Ma. Sy is nou daardie James-vent se vrou. Miskien het sy die roem gekry wat sy gesoek het. Ek weet nie. Ek het nooit weer van haar gehoor nie en fok haar ook."

"Thomas! En dit hier in 'n katedraal."

"Die katedraal is gekies vir die mooi, nie die godsdienstige waarde nie. Katelijne en haar familie is lankal net in naam Rooms al hou hulle nog by sommige van die rituele."

Sy ma sug. "Katelijne is 'n pragtige meisiekind, maar ek weet darem nie, Thomas. As jy nou nog iets vir Corali voel …"

"'n Bietjie laat daarvoor, Ma." Hy kyk op sy horlosie. "Ek moet voor die kansel kom. Sy arriveer oor tien minute. Het Ma nou genoeg aan my gevroetel?" Hy glimlag om sy woorde te versag.

"Ja, ek het. Jy lyk baie aantreklik al mis ek die poniestert. En jy lyk so … netjies."

"En skoon," vul hy met 'n glimlag aan. Sy werk as beeldhouer is maar 'n morsige affêre in watter medium hy ook al werk.

"En skoon, ja. Ek wens net jou pa kon hier gewees het. Maar ek glo hy is in die gees hier. Al is dit in hierdie verre land."

Dit moet vreeslik wees om vir soveel jare getroud te wees en dan is daar skielik net 'n graf oor. Vir hom voel dit soos nou die dag wat hy en sy pa nog saam sit en skaak speel het. Nie dat hulle 'n baie goeie verhouding gehad het nie, maar 'n mens se pa bly jou pa. Dis egter

nie die soort ding waaraan hy vandag moet dink nie. Hy is hier om te trou. Hemel, op amper twee en veertig vir die eerste keer. En dit met 'n meisiekind dertien jaar sy junior. Maar tyd vir omdraai is daar nie meer nie.

Hy het twee jaar gelede sy bande met Parys geknip toe hy by École nationale supérieure des Beaux-Arts as deeltydse dosent bedank, sy beeldhoustudio se huur opgesê en 'n pos in Gent aanvaar het by KASK oftewel die Koninklijke Academie voor Schone Kunsten. En hy het sy bande met Corali finaal geknip toe hy besef het hy kan nie langer oor haar treur nie en Katelijne aan die begin van die jaar gevra het om met hom te trou.

Met haar ballerinalyf lyk Katelijne soos 'n prinses toe sy in die lang kerkpaadjie van die katedraal aan haar pa se arm afgestap kom. Alles aan haar spreek van stylvolle eenvoud. Die blonde hare in 'n sagte Franse rol, die halslyn nie te laag nie, die smal heupe onder die gladde snit van die rok in proporsie met haar klein, ferm borste. Haar vel die kleur en tekstuur van albas.

So anders as Corali met haar wildewragtighare, haar bont rokke en sigeuneroorbelle. Haar gul lyf. Haar oorweldigende, aardse vroulikheid en welluidende, dikwels luidrugtige lag. Die groenbruin oë, destyds al met sonplooitjies om die hoeke. Haar warm sonbruin vel. Haar verloklike, o so verloklike mond.

Thomas antwoord op die regte plekke, glimlag wanneer hy moet en hou sy gesig ernstig terwyl hy sy huweliksbeloftes aflê, maar die seremonie gaan hom grotendeels verby – asof hy van 'n afstand af toekyk.

Die eerste woorde wat werklik weer tot hom deurdring, is dat hy sy bruid mag soen.

Thomas buk en laat rus sy lippe teen die sagte roosknopmond wat na hom gelig word.

As dit maar Corali was. Die Corali wat hy geken het voor sy hom onder die gat geskop het terwille van roem.